

Inhoud Preek ds. Petrus Kriel Johannes 2 Messiaanse tempel liggaam moderne heidendom. Hierdie preek wys dat Jesus se menswees is ons tempel. Sy menswees is die offer wat ons skuldloos en offerloos vir God laat leef. Sy menswees aan die regterhand van die Vader laat ons leef in die Allerheiligste van God se liefde. Daarom is sy liggaam ons tempel. In die moderne heidendom breek mense hulle eie menslikeheid af en by hulle self weer op om vir God 'n tempel te wees waarin hulle sy goddelikheid met Hom deel. In hierdie heidendom wys Christus net hoe jy jouself moet afbreek en opbou om vir 'n goddelike gees 'n blyplek te wees.

Skriflesing Johannes 2: 13 – 21; 1: 14; Eseg. 43: 4 – 10; 26, 27

Teks Johannes 2: 19; “Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig.”

Tema Christus se liggaam is ons tempel.

1. Christus maak hierdie besondere verklaring oor Homself teenoor die Jode by die tempel met Pasga: “Breek hierdie tempel af en binne drie dae sal Ek dit opbou.”

Hierdie uitspraak van die Here het 'n dubbele betekenis. Dit verwys eerstens na sy liggaam. Daarom stel Johannes dat hulle as dissipels eers na die Here gely, gekruisig is en gesterf het uit die dood uit opgestaan het, verstaan het dat Hy: “van die tempel van sy liggaam gepraat”

Jesus noem sy liggaam van vleis en bloed as mens die tempel. Johannes voorkom enige misverstand deur dit uitdruklik die “tempel van sy liggaam te noem, nie sy liggaam as tempel nie. Johannes sit al klaar met die afgodsdienste in die kerk terwyl hy die evangelie skryf dat mense beweer dat Jesus nooit regtig mens geword het om vir altyd 'n mens van vleis en bloed te wees nie. Hy stel dit só in 1 Joh. 4: 2 en 3: “Hieraan ken julle die Gees van God: Elke gees wat bely dat Jesus Christus as mens gekom het, is uit God, en elke gees wat dit nie bely nie, is nie uit God nie, maar is die gees van die Antichris van wie julle gehoor het dat hy kom en nou reeds in die wêreld is.”

Die gees van die Antichris sê Jesus was net 'n gees in 'n liggaam, maar het nie mens geword om vir altyd mens te wees, soos Johannes dit aankondig nie: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.”

Daarom word die betekenis van Jesus se woorde, “Breek hierdie tempel af en in drie dae bou sal Ek dit opbou” spesifiek verduidelik as “die tempel van sy liggaam.” Jesus se liggaam, sy menswees na liggaam, siel en gees is die tempel. Jesus is nie die tempel omdat Hy God of 'n goddelike gees is nie. Sy menswees is die tempel.

2. Hoe is Jesus se menswees vandag die tempel?

Christus se liggaam is ons tempel

Dit is vandag die tempel wat afgebreek was deur die Jode, maar weer opgebou is deur Christus self.

Die aankondiging dat Jesus dit binne drie dae sal doen, wys ons dat Hy praat van sy opstanding as mens uit die dood uit. Die Jode gaan Hom gevange neem, sy liggaam wat die tempel is afbreek deur Hom gevange te neem, aan te kla, te veroordeel, te laat kruisig, dood te maak en te begrawe volgens die beskrywing van Joh. 18 en 19. Só sal hulle sy liggaam wat die tempel is afbreek. Em in hoofstuk 20 bou die Here sy liggaam wat die tempel is op. Hy staan as mens weer lewend uit die dood uit op sodat sy dissipels aan sy liggaam kan vat soos Tomas aan sy hande en sy gevat het. (20: 27) Tomas voel aan die tempel van die Here se liggaam soos Johannes ook getuig dat hy aan die tempel van die Here se liggaam gevat het in 1 Joh. 1:1 “wat ons met ons oë gesien het, wat ons aandagtig bekyk het en wat ons hande aangeraak het ...”

Jesus is na sy menswees na liggaam, siel en gees vandag in die hemel, die tempel wat afgebreek was en Hys self weer opgebou het.

3. Die Jode het Jesus halfpad reg verstaan!

Hulle het geweet Hy bedoel dat hulle maar die tempel kan afbreek vir ’n nuwe een!

Hulle het ook nie met hierdie deel van die Here Jesus se verklaring ’n probleem gehad nie. Hulle self het vir die Messias gewag wat die nuwe Messiaanse tempel sal kom bou. Hierdie nuwe Messiaanse tempel sou volgens hulle ’n gebou gewees het soos dit in Esegïel 40 – 44 beskryf is. Die betekenis van hierdie nuwe Messiaanse tempel beskryf Esegïel so: “dit is die plek waar Ek my troon het, waar Ek altyd teenwoordig is tussen die Israeliete” (Eseg. 43: 7) Esegïel kondig hierdie Messiaanse tempel aan as die vervulling van die belofte van die Messias in 2 Samuel 7: 12, 13: “Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom ’n bestendige koningskap gee. Hy sal vir my Naam ’n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan.”

Die Jode was self gefrustreerd en geïrriteerd met die tempel in Jerusalem, want al was dit ’n indrukwekkende gebou gewees, was dit deur ’n heiden en vyand van die Joodse geloof gebou vir die Jode – Herodes die Grote. Hy het vir hulle hul tempel, maar in al die ander stede wat hy gebou het, tempels vir die Romeinse en Griekse ook afgode gebou. Hulle het ’n nuwe tempel wat deur die Messias se leiding gebou sou word verwag wat die setel van die Joodse godsdienstige mag sou wees. In hierdie nuwe Messiaanse tempel sou die stoel van Moses gewees het (Mat. 23: 2)

Christus se liggaam is ons tempel

Hulle het Jesus se optrede reg verstaan dat die tempel van Herodes afgebreek sal word deur die Messias en 'n nuwe Messiaanse tempel gebou sal word. Daarom val hulle hom nie aan en sê Hy mag nie die tempeldiens beëindig nie. Hulle vra hom met watter wonderteken kan Hy bewys dat Hy hierdie tempel kan beëindig omdat Hy die Messias is wat die nuwe Messiaanse tempel sal bou.

4. Die wonderwerk wat die Here dan verklaar Hy sal doen, is dat as hulle hierdie tempel afbreek, Hy dit binne drie dae sal opbou.

Terwyl Jesus hierdie verklaring maak, was hulle nog steeds besig om aan die tempel te bou, al vir 46 jaar lank. Hierdie bouwerk aan die tempel het na die Here se opstanding uit die dood nog voortgegaan 18 jaar voortgegaan tot in die jaar 64 n.C. en net 6 jaar na die voltooi was is dit afgebreek deur die Romeine.

Hulle verstaan die Here halfpad reg want Hy stel dat hulle hierdie tempel kan afbreek, want Hy gaan die nuwe Messiaanse tempel oprig. Hoe hulle Hom verkeerd verstaan is dat hulle gedink het dat die nuwe Messiaanse tempel sal 'n gebou wees wat die hoof- en magsetel van die wêreldwye Joodse godsdiens wees, net soos Mekka die hoofmagsetel vandag van die Moslemgodsdiens is.

Wat hulle belaglik vind van die Here se verklaring is nie dat Hy die Messias is wie die nuwe Messiaanse tempel sal bou nie, maar dat Hy dit in drie dae sal bou. Hulle glo nie dat Hy hierdie wonderwerk kan doen nie, net soos hulle nie geglo het dat Hy die wonderwerk kan doen deur weer as mens uit die dood kan opstaan nadat hulle Hom doodgemaak het nie.

Wanneer Jesus dan verklaar dat sy liggaam as mens, die nuwe Messiaanse tempel is, dan verklaar Hy dat sy menswees in die hemel na Hy uit die dood uit opgestaan het, die nuwe Messiaanse tempel is. Jesus se menswees na sy opstanding uit die dood uit is die nuwe Messiaanse tempel wat die tempel en alles wat in die tempel gebeur het, vervang. Nie net Herodes s'n nie maar enige ander tempelgebou vir altyd!

5. Hoe is Jesus as mens vandag in die hemel, die nuwe Messiaanse tempel van Esegïel 40 – 44? Hoe is sy liggaam van vleis en bloed, die nuwe Messiaanse tempel?

Dit moet ons hoor volgens die betekenis van die nuwe Messiaanse tempel in Esegïel: “dit is die plek waar Ek my troon het, waar Ek altyd teenwoordig is tussen die Israeliete.” Hierdie plek is die plek waar die offers gebring sal word om die Here se volk heilig en regverdig te maak om in sy magtige teenwoordigheid met Hom te kan leef en Hom te kan doen. (Eseg. 43: 5; 26)

Jesus Christus se liggaam is die nuwe Messiaanse tempel, omdat alles wat deur die tempel gewys het oor God se teenwoordigheid en hoe God mense heilig maak om in

Christus se liggaam is ons tempel

sy magtige teenwoordigheid as God te leef, met Christus as mens na liggaam, siel en gees gebeur!

Alles wat met Christus gebeur om as mens afgebreek te word en alles wat Hy doen om Homself as mens weer op te bou, is wat die tempelgebou met alles wat in die tempelgebou as teken oor God gewys het.

Sy lyding, kruisiging en sterwe vir sondaars se sondes, is hoe Hy in sy menswees deur God se toorn afgebreek word. Daarmee is Hy die enigste offer vir alle sondes vir altyd. Hy is die Paaslam wie God self gee. (Joh. 1: 29) Deur uit die dood uit op te staan om vir altyd mens van vleis en bloed te wees, is Hy die eie seun van Dawid wat vir altyd regeer. Is Hy vir altyd die regverdige en heilige mens wie die belofte waarmaak dat ons tuis sal wees in God se Allerheiligste, nie sy krag en mag nie, maar in sy liefde en genade!

Die woord “tempel” in Johannes verwys spesifiek na die Allerheiligste.

Jesus wat mens word en vir altyd vir ons mens aan die regterhand van die Vader is, is ons tempel. Hy is die enigste werklike Paaslam deur wie ons heilig en rein in God se liefde leef. Dit is “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.” (Joh. 1: 14)

6. Christus in sy menswees vandag aan die regterhand van die Vader is die enigste werklike en volkome tempel. Daar is geen ander liggaam wie God se tempel is nie.

6.1 Net Hy is die Christus wie die nuwe tempel is, niemand anders is saam met Hom Christus nie of help Hom om meer en beter Christus te wees soos Hy Christus is nie.

6.2 Hy is self vandag die Christus wie mens is na liggaam, siel en gees soos Hy deur sy eie krag self eie menslike lewe weer na sy dood self opgeneem het deur sy krag as God self. (Joh. 10:17)

6.3 Net sy liggaam word afgebreek en word weer opgebou wat beteken net Hy lê sy lewe as offer af en neem sy eie lewe weer op om sondaars in God se liefde te laat deel.

6.4 Jesus se menswees vandag is die nuwe Messiaanse tempel want in wie Hy as mens is en was gebeur alles wat die tempel as seremoniële plek gewys het. Daarom het Jesus alle seremoniële plekke en alle seremonies se betekenis deur wie Hy vandag as mens is, mee weg gedoen, afgeskaf, net soos Hy dit met die bruilof in Kana gewys het.

6.5 Daarom is Hy aan die regterhand van die Vader die troon van God – die mag

Christus se liggaam is ons tempel

en Persoon wie mense in God se liefde insluit en hulle wederbaar om God lief te hê volgens sy wet.

6.6 Niemand anders se liggaam kan soos Jesus se liggaam, die tempel wees nie.

7. Wat was Jesus se liggaam nie gewees nie?

Jesus se liggaam, sy menswees na liggaam, siel en gees was nooit en is ook nie vandag 'n blyplek vir 'n goddelike gees gewees nie!

Jesus het nooit enige soort verklaring gemaak wat die inhoud of strekking het dat sy menslike liggaam 'n omhulsel of houer is vir 'n goddelike gees binne in sy liggaam, nie. Daarom verklaar Hy dat “hierdie tempel” wat afgebreek word en Hy weer gaan oprig is die tempel.

Sy liggaam word nie afgebreek sodat Hy uit sy liggaam opstaan as 'n goddelike gees sonder 'n liggaam nie. Sy menslike liggaam word afgebreek sodat Hy weer sy menslike liggaam oprig uit die dood uit. Daarom kan Tomas aan Hom voel soos al die ander dissipels – daar het nie 'n goddelike gees uit sy liggaam opgestaan nie. Hy het as mens weer uit die dood opgestaan om vandag nog steeds mens van vleis en bloed te wees.

Jesus het nie 'n goddelike gees in sy liggaam gehad nie. Hy was voor sy geboorte, tydens sy geboorte, sy hele lewe op aarde, in en deur sy dood heen tot vandag toe nog steeds self die Skepper, God deur wie alles self ontstaan het: “In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God ... alles het deur hom tot stand gekom ... Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.” (Joh. 1; 1- 3, 14)

Só is die Woord, Die Seun, die Vader en gees vandag nog steeds god wie onder ons woon omdat die Seun mens geword is en vandag nog steeds mens is – die tempel!

Jesus was nooit 'n goddelike gees en het ook nooit binne in Hom as mens 'n goddelike Gees gehad nie.

Hy is God en mens! Vandag nog steeds!

7. Mense bou nie vir God blyplekke nie!

Dit was deel van die heel eerste evangelie verkondiging van die apostels gewees!

Dit was Stefanus se aankondiging dat Christus die nuwe tempel is wat direk die oorsaak van sy dood was. Hy haal Salomo se gebed aan as bewys dat die tempel

Christus se liggaam is ons tempel

van die Jode en enige ander tempel wat hulle as hul eie Messiaanse tempel sal bou, geen godsdienstige betekenis meer het nie.

“God, die Allerhoogste, woon egter nie in geboue wat deur mense gemaak is nie. Soos die profeet dit stel: “Die hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete, sê die Here. Watter soort huis sal julle tog vir My bou of watter rusplek? Het Ek nie self al hierdie dinge gemaak nie?” Julle hardkoppiges! Julle is heidens in julle harte!” (Hand. 7: 48 – 51) Teenoor trone en blyplekke wat mense vir God oprig stel Stefanus dan: “Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan. “Kyk”, het hy gesê: “ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan.” Die uitdrukking “seun van die mens” verwys spesifiek na Jesus wie steeds mens is na liggaam, siel en gees.

Hiermee verklaar Stefanus die Jode se geestelikheid met hulle tempel en binne hul tempel as heidens. Die Regverdige wie hulle doodgemaak het, is nou in sy menswees alles wat die tempel seremonieel gewys het. Sy liggaam is die tempel! Hy maak sondaars deur sy offer skuldloos en heilig binne die liefde van God.

Mense kan nie vir god blyplekke bou of wees nie! Mense kan nie vir God meer enige tempel bou of wees nie. Dit is Christus se liggaam alleen!

8. Stefanus kondig dít aan oor die tempel van Jerusalem. Paulus kondig dit ook aan oor die tempels van Athene wat tempels was nes die tempels in Dan en Bet-El in Samaria.

“God, wat die wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, Hy is die Here van hemel en aarde, en Hy woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie. Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie. Intendeel, dit is Hy wat aan almal lewe en asem gee. ... want Hy het ’n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld sal oordeel deur ’n Man wat Hy uitverkies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan.” (Hand. 17:30)

God bly nie in tempels wat deur mense gemaak word nie! Nie in Jerusalem of enige ander tempel nie. God word nie in tempels lewend gemaak en versorg nie. Dit is wat God doen met alles wat Hy maak. Die rede hoekom daar geen tempel meer is nie, is die Man wat Hy uit die dood uit laat opstaan het. Nie ’n gees nie, nie ’n goddelike wese nie – die Man wat Hy uit die dood uit laat opstaan het!

Daarmee sluit Paulus aan by die betekenis van wie Jesus vandag as mens is – Hy is die tempel, die enigste offer wat mense skuldloos en heilig binne die Allerheiligste van Gods se liefde en genade laat leef.

Christus se liggaam is ons tempel

Christus wie se liggaam in die hemel, die enigste tempel wat daar is, was deel van die ingrypende boodskap van die eerste sendelinge in Jerusalem en die hele heidense wêreld aangekondig is. Heidene bou blyplekke vir God! Christus se enigste tempel is wie Jesus liggaamlik as mens aan die regterhand van God is!

9. Ons gaan volgende Sondag en die Sondag daarna kyk na wat is die betekenis dat die kerk en elke lidmaat deel van die liggaam van Christus is en wat die inwoning van God se Gees in die liggaam van Christus beteken.

Kom ons kyk net eers vandag net na die ingrypende betekenis daarvan dat Jesus se liggaam, sy menswees vandag in die hemel, die enigste tempel is wat alle tempels vervang het.

Die woorde waarin hierdie hele saak op 'n punt gedryf word, is die woorde wat wêreldwyd in alle Christelike kerke, ook die NG Kerk gebruik word: die eerste bekering en die vervulling met God se Gees!

Wat is bekering as Jesus se liggaam die tempel is wat afgebreek en opgebou word op die derde dag?

Dit is bekering sonder enige skuld as heilige mense wie leef in die Allerheiligste van God se teenwoordige liefde en genade! Dit is hoe bekering werk wanneer Jesus se liggaam die tempel is! Hy is die enigste Paaslam wat alle sondeskuld vir altyd wegneem en Hy maak ons rein, heilig om binne die liefde van God te leef.

Daarom is bekering vir hulle wie glo Jesus se liggaam is die tempel, die erkenning van sondes waarvoor hulle nie meer skuldig is of offers moet gee nie. Dit is die erkenning van sonde uit die berou oor die liefdeloosheid van die liefde waarin ons leef.

Net so is bekering die innerlike blydschap dat ons in die liefde van God se Allerheiligste teenwoordigheid leef omdat Hy ons vir hom heilig maak en laat wees. In hierdie geloof hoe Hy ons tempel is, wy ons onself weer toe om sy wet uit liefde te gehoorsaam in die liefde waarin Hy ons vashou.

Bekering vir hulle wie glo Jesus se liggaam is die tempel is altyd berou uit liefde en toewyding deur liefde binne die liefde waarin ons leef.

10. Wat is bekering is alle heidense tempel, die tempel van Jerusalem en al die heidense tempels soos in die stad Athene?

Dit is om as mense self tempels vir God te bou! Dit is mense wat hulle liggame tempels van God maak, deur hulle self af te breek en self op te bou, net soos Jesus se liggaam afgebreek en toe deur Homself opgerig was. Heidense bekerings is

Christus se liggaam is ons tempel

tempelbou! Om self jou eie menslike liggaam af te breek en op te bou as 'n tempel vir God!

Dit is waarmee die meeste Christelike kerke vandag besig is wanneer hulle preek oor bekering – tempelbou vir God!

Hoe doen hulle dit?

Hulle preek dat met jou eerste of inisiële bekering moet jy jouself afbreek met sondebelydenisse, deur jouself eie menslikheid te minag, jou eie menslikheid dood te maak deur jou eie-ek dood te maak en te kruisig. Jy moet alles wie jy as mens is binne in jouself afbreek en uit jou eie lewe uit weggooi. Jy moet as mens niks word nie!

Dit is hoe jy jouself moet afbreek!

Dan moet jy jouself opbou! Jy moet opstaan uit jou sonde en jouself oorgee aan God. Hierdie oorgawe aan God is hoe jy jouself opbou. Wanneer jy so jouself afgebreek het en opgebou het, dan is jy 'n tempel wat gereed is om Jesus se goddelike gees te ontvang om binne in jou lewe in te kom en jou met God se goddelike krag, goddelike lewe, goddelike gesag en sy goddelike Persoon vol te maak.

Deur jouself af te breek en niks te maak en jouself vir God mooi te maak – maak jy jouself 'n blyplek vir God se goddelike Gees wat hulle die Naam “Jesus” voor gee.

11. Volgens hierdie moderne heidense geloof binne die kerk, tel geen ander bekering voor jy nie hierdie bekering gehad het waar jy jouself afbreek en opbou om God se goddelike Gees binne in jou te ontvang nie!

Wat is hierdie heidense ongeloof in die kerk wat hulle met die name “Jesus en die “Gees” probeer verchristelik?

Hulle glo nie meer Jesus as mens in die hemel is die enigste tempel nie. Nog minder glo hulle dat net Hy afgebreek en op die derde dag alleen opgerig is om alleen die nuwe Messiaanse tempel te wees nie. Hulle glo dit glad nie van die Here Jesus nie. Hulle glo Hy het net die voorbeeld gestel hoe elke mens van Homself 'n Messiaanse tempel kan maak.

Nog minder glo hulle dat Hy jou skuldloos, offerloos binne die Allerheiligste van God se liefde laat leef. Hulle glo jy moet jouself vir God 'n Allerheiligste maak waarin sy goddelikheid gehuisves moet word. binne in jou liggaam en gees.

Christus se liggaam is ons tempel

Kan dit ooit waar wees? Kan Jesus ooit 'n liggaamlose gees wees wat lywe soek om in te bly? Kan mense ooit Jesus se hande, voete, oë en ore word soos dit gepreek word, omdat Hy net 'n liggaamlose gees is?

Kan dit ooit wees dat mense hul self kan afbreek en opbou, as die nuwe Messiaanse tempel? Dit beteken mos elke mens is sy eie tempel! Kan mense 'n tempel word met self minagting en selfverheerliking, terwyl Jesus Homself met sy lyding, kruisiging en opstanding uit die dood om weer 'n mens met sy eie liggaam te wees die nuwe Messiaanse tempel gemaak het?

Jy kan dit doen – as jy heidens is, nes soos Stefanus gewys het die Jode met hulle tempel is heidens van hart!

Dit is die onbegryplike wat vandag in kerk gebeur! Wat heidens is, om vir goddelike geeste tempels te bou deur jouself af te breek en op te bou, word gepreek in die plek van Jesus wie die tempel is. Jesus wat vir ons 'n skuldlose, offerlose en heilige lewe skep waarin ons ons bekeer omdat ons leef binne die Allerheiligste van God se teenwoordige liefde.

Kom ons bekeer ons van hierdie heidense hart: om jouself af te breek en op te bou om 'n kamstig 'n blyplek van Jesus se goddelike gees te wees, 'n goddelike gees wat nie sy eie liggaam het nie.

Kom ons glo Jesus het Homself laat afbreek en op die derde dag Homself opgerig om alle tempels en offers te vervang – Hy en sy menswees in die hemel is ons enigste tempel!

Kom ons leef in die wonder van ons skuldlose reinheid binne die Allerheiligste van God se liefde!

Jesus Christus se liggaam is ons tempel!